

Hoofstuk van die dag: Ester 2

Dié meisie was mooi, sy was baie mooi. (vers 7)

Die Bybel sê Ester was baie mooi. Maar dis nie al wat die Bybel vir ons van haar vertel nie. Ester was nie net mooi van buite nie. Sy was veral ook mooi van binne. Ons lees sy het ’n goeie indruk gemaak op almal wat haar gesien het (vers 15).
Dit was Ester se geheim. Sy was tussen baie ander mooi

meisies, maar sy staan uit, want sy was van binne ook mooi. G’n wonder nie dat sy die kompetisie loshande gewen het. (vers 17)
Die belangrikste ding wat iemand van jou kan sê, is nie dat jy mooi is nie. Die belangrikste wat mense van jou moet kan sê, is dat jy van binne mooi is. Want as jy van binne mooi is, dan wys dit op jou gesig, want dit wys wie jy eintlik is.
In 1 Petrus 3:3,4 staan: “Julle skoonheid moet nie bestaan in uiterlike dinge soos haarkapsels, juwele en sierlike klere nie. Nee, julle skoonheid moet dié van die innerlike mens wees: blywende beskeidenheid en kalmte van gees. Dit het by God groot waarde.”
Dit geld vir ons almal; mans ook. Uiterlike dinge kan nie opweeg teen dit wat in jou is nie.

- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke

Hoofstuk van die dag: Ester 1

> *Koningin Vasti het egter geweier om te kom soos die koning haar deur sy paleisbeamptes beveel het. (vers 12)*

'n Mens kan hierdie hoofstuk betitel: "Wie is baas in die huis?" Want dit is waaroor dit hier gaan: die uitoefening van mag. Ahasveros beveel sy vrou om "met haar kroon op" in 'n banketsaal vol dronk mans in te kom (vers 11). Volgens Joodse uitleg het dit beteken dat sy kaal moes kom, net met haar kroon op. Ons sal nie weet nie, maar dit is duidelik dat dit 'n baie onsensitiewe bevel van die koning was.
Ahasveros se magspeletjies boemerang lelik toe Vasti haar voet neersit. In die proses plaas sy die koning in 'n onhoudbare posisie, want sy daag sy gesag openlik uit. "Ek laat my nie rondorder nie," het sy seker gedink.
Hierdie verhaal speel hom al sedert die sondeval (vgl Gen 3:16) in talle huise af. En, soos in Ester 1 duidelik is, is die uiteinde voorspelbaar. Daar is net verloorders waar man en vrou koppe stamp en oor mekaar wil heers. Daarom is Paulus se raad aan egpare om aan mekaar onderdanig te wees en nie oor die ander baas te wil speel nie (Ef 5:21-33). Dís hoe God die huwelik bedoel het (Gen 2:18).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is

- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026